



## Sondag 9 Mei 2021

Sesde Sondag in Paastyd

Jakobus 1:19-27; Johannes 1:1-4,14; Matteus 3

**DIE 7 C's #5 "COMMUNICATION"**

**"Hoe kommunikeer God in 'n wêreld vol kommunikasie?"**

### WELKOM

Vandag groet ek vir elkeen van julle wat na hierdie boodskap luister of dit lees in die Naam van die Drie-Enige God – Vader, Seun en Heilige Gees... Genade en vrede vir julle van God ons Vader en Jesus Christus ons Here, deur die werking van die Heilige Gees. My gebed is dat die Here vandag naby aan jou sal wees en dat jy Sy teenwoordigheid sal voel en dat jy lig en vry sal lewe...

Vandag is 'n baie spesiale dag om twee redes. Dit is Moedersdag én vandag bevestig ons ook tydens die erediens vir Ds Riekie Wilken as deelydse leraar in ons gemeente.

Ek wil sommer hier reg aan die begin gou vir jou vra om so bietjie terug te kyk oor jou lewe en ook te dink aan die belangrike rol wat spesifieke vroue in jou geloofslewe gespeel het? Ek het tydens 'n gesprek met iemand in die week tot die besef gekom van die belangrike rol wat Geloofs-Moeders in my lewe gespeel het. Dalk wil jy ook vandag bietjie terugdink aan hulle en hulle onthou – hulle wat op jou geloofspad vir jou gehelp en gelei het, versorg en getroos het, gehelp het om die Here te leer ken. Dalk is dit jou eie biologiese ma, dalk 'n ouma of 'n tannie by die Kinderkrans of Sondagskool of 'n juffrou of 'n vriendin...

Vandag kan jy ook vir die Here dankie sê vir haar en hulle rol in jou lewe... Ons vier ook vandag die rol van hierdie Geloofs-Moeders op Moedersdag!

### GEBED

Here, U is ons enigste Here! En ons aanbid U vanoggend ook as die God wat naby ons is – deur U Gees in ons is. U liefde oorweldig ons, U genade omarm ons...

Dankie dat ons vandag in die Naam van Jesus met vrymoedigheid na U kan draai en met ons hele menswees – net soos wat ons is, in U teenwoordigheid mag wees.

Here, dankie dat U op ons elkeen se pad mense stuur wat ons help in ons geloofslewe. Vandag wil ons in die besonder ook dankie sê vir elke geloofs-ma wat so 'n rol in ons lewe gespeel het.

Here, ons is so dankbaar vir die lekker reën wat die afgelope paar dae in ons omgewing geval het, maar ons dink ook aan hulle wat deur dieselfde reën ontwrig is en selfs skade gely het.

Here, ons bely dat ons afhanklik is van U. En in 'n deurmekaar wêreld soos die een waarin ons leef, besef ons dit maar net meer en meer elke dag hoe afhanklik ons van U is – ook vir wysheid en perspektief en nuwe denke.

Help ons Here om midde die koerantopskrifte, nuusberigte, Corona-virusse en alles wat sleg is, nogsteeds U stem te hoor en te sien waar en hoe U aan die werk is. Help ons om ons oë gevestig te hou op Jesus Christus en help ons om hierdie wedloop met volharding te hardloop...

Ons vertrou dat U ook vandag weer met ons sal praat uit U Woord en deur U Woord. Mag ons hoor wat U vir ons wil sê en mag ons ook dienooreenkomstig verander na U wil vir ons lewe. In Jesus se Naam bid ons dit. Amen.

### INLEIDING

Almal van ons kan seker onthou hoe ons as kinders "telefoontjie-telefoontjie" gespeel het en hoe iemand dan aan die begin van die ry iets in die een langs hom/haar se oor gefluister het en dit dan so teen die ry af vir die een na die ander gefluister is en hoe "skeef" die oorspronklike boodskap aan die einde geklink het. Ons het groot pret gehad om te hoor hoe verwronge en heeltetal verkeerd die eerste een se woorde by die laaste een se ore uitgekom het – soms onherkenbaar!

En dan het ons ook as kinders baie keer om 'n hoek of draai of in 'n lang gang af met mekaar gepraat deur die blik-telefoon... Onthou julle nog? Waar twee leë "can-fruit"-blikke met 'n tou of stuk vislyn verbind is aan mekaar en hoe die een maatjie die blik teen sy mond gehou het en die ander ene weer die blik teen haar oor en hoe daar dan oor en weer boodskappe gekommunikeer is.

Ure se genot! En dit alles deur kommunikasie-speletjies...

Maar vriende, julle sal met my saamstem as ek sê dat kommunikasie nie vandag meer kinderspeletjies is nie. Almal van ons sukkel meer en meer om regtig goed te kommunikeer en dít terwyl die wêreld vir ons deesdae verskeie opsies van kommunikasie gee...

Dink gou wanneer laas het jy vir iemand 'n brief of 'n poskaart gestuur of wanneer laas het jy een ontvang? Ons kommunikeer deesdae heeltemal anders as vroeër, maar nie noodwendig beter nie. Die meeste van ons se kommunikasie na ander is deur whatsapp of e-pos of stemboodskappe of bel (met jou selfoon). Dit gebeur selfs al hoe minder dat ons ons huistelefone of landlyne gebruik.

Die vraag bly egter – kommunikeer ons vandag beter as sê 50 jaar gelede? Ek vra nie of ons meer kommunikeer nie, ek vra of ons beter kommunikeer?

En dan nog 'n vraag... Hoe kommunikeer God met ons vandag – hier in die jaar 2021?

## SKIFLESING

JAKOBUS 1:19-25 "HOOR EN DOEN"

*My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie. Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.*

*Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself. Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.*

## VERKONDIGING

Die brief van Jakobus en die paar verse wat ons saam gelees het, het sommer dadelik twee goed vir my laat uitstaan... Die eerste een is dat gelowiges al van die vroegste tye af gesukkel het met kommunikasie. Jakobus skryf in v19 "... dit moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te LUISTER, NIE TE GOU TE PRAAT NIE en NIE TE GOU KWAAD TE WORD NIE..."

Die brief van Jakobus is uitsluitlik geskryf vir die vroeë kerk om vir hulle praktiese wysheid en leiding te gee sodat hulle kan volhard in die Christelike lewenswandel. Nogal interessant dat hierdie goue reël van kommunikasie ook so vroeg in die brief al genoem word – luister maar eers voordat jy te gou praat, luister maar eers mooi voordat jy te gou kwaad word. Luister, luister, luister...

En dit is die tweede belangrike punt. Goeie kommunikasie, sou ek kon sê "Christelike kommunikasie" begin deur mooi te luister na wat die ander persoon aan my wil kommunikeer. Wat sê die ander persoon nou eintlik? Wat bedoel hy of sy regtig? Hoor ek reg? Verstaan ek mooi sodat ek op 'n gepaste wyse kan reageer?

Stephan Covey in sy bekende boek "Seven habits of highly effective people" beskryf een van die 7 gewoontes as "**Seek to understand, before you want to be understood...**". Dalk is dit net 'n meer moderne vertaling van Jakobus se woorde.

Dink gou so bietjie na oor die laaste twee of drie keer waar jy betrokke was in 'n situasie waar daar misverstand of mis-kommunikasie was... Wat was die gevolg? Hoe het dit op die ou end uitgespeel? Hoeveel skade was daar?

Sou dit dalk anders uitgespeel het indien een of albei partye van die begin af beter geluister het en nie te vinnig gereageer het nie?

Maar die doel vanoggend se boodskap is nie 'n les in kommunikasie nie. Nee, dit gaan eerder daarvoor om vanuit God se Woord 'n beginsel of twee te ontdek oor hoe kommunikasie behoort te lyk vanuit 'n Christelike lewensbeskouing. En daarmee help Jakobus ons deur eerstens te sê dat ons baie mooier na ander behoort te luister (het ons nie in elk geval twee keer soveel ore as monde nie?).

Dit wil verder vir my voorkom asof ons dalk ook nie so gou kwaad gaan word wanneer ons eers goed luister nie... Maar wat beteken hierdie luister? Hoe doen ons dit?

Wel, op 'n baie praktiese vlak het dit verseker daarmee te make dat jy jou mond sal toe hou en albei jou ore sal oopmaak wanneer iemand met jou kommunikeer. Eintlik gaan dit nog veel dieper as dit – dit gaan daarvoor dat jy in elke situasie van kommunikasie daarna moet streef om die minste te wees en eintlik die ander persoon tot vrymoedigheid te “be-luister”. Luister dieper, luister agter die woorde, sien die liggaamstaal, probeer agter die kap van die byl kom? Hoekom sê hy dit? Hoekom sê sy dit so? Wat lê agter dit? Wat moet ek eintlik hoor?

En hier kom die belangrike punt – as dit van die begin af nie oor jou gaan nie, maar oor diens aan die ander, dan gaan jy dit beter en beter begin regkry. Dit gaan eintlik daarvoor om te sterf aan jouself – ook wanneer jy kommunikeer.

“Doen wat die Woord sê – moet dit nie net aanhoor nie...” sê Jakobus in vers 22.

En dan kom daar skielik verse soos die volgende by my op...

“Wees lief vir God en wees lief vir jou naaste soos jouself” (Matt 22:34ev)

“Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie... soek nie sy eie belang nie... hou nie boek van die kwaad nie” (1 Kor 13)

“Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar” (Kol 3:13)

En dit is alles verse wat ons ken!

Maar nou weet ek nie van julle nie, nou voel dit al weer vir my asof ek nie goed genoeg is nie – ek kry nie die goed reg waarvan die Bybel praat nie. Maar wanneer ons só daarna kyk, dan raak die “doen” van God se Woord weer wetties. En Jesus Christus het ons dan nou juis van die wettiese kant van ons geloof kom bevry.

Jakobus hak so bietjie aan by hierdie gedagte wanneer hy skryf in vers 21 dat ons “ootmoedig die woord (moet) aanneem wat God in ons geplant het, want dié woord kan julle red...”

Dit wil nou vir my lyk asof dit eerder iets is wat ons van God ontvang as wat dit iets is wat ons moet doen. Die Christus-gesindheid, die dienskneg-karakter, die liefde waarvan 1 Korintiërs 13 praat is 'n gawe van God wat Hy in ons plant deur die Heilige Gees.

Dit is tog duidelik – ek en jy kan nie hierdie goed op ons eie en uit ons eie krag regkry nie. En dit is juis die punt!

God is by uitstek die Groot Kommuniqueerder en in Johannes 1 lees ons juis van God se Woord. Wanneer God op die heel duidelikste manier met ons wil kommunikeer, dan doen Hy dit deur Jesus Christus!

“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die Enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid...” (Joh 1:14).

En ons hoor dan ook God se stem, God se kommunikasie oor Sy Seun wanneer ons in Matteus 3:17 lees: “Daar was 'n stem uit die hemel wat gesê het: ‘Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.’”

So, liewe vriende, dit lyk vir my of ons altyd eers by God moet begin wanneer ons oor kommunikasie nadink. God kommunikeer hard en duidelik met ons deur Sy Seun, Jesus Christus. En Jesus se voorbeeld is die voorbeeld wat ons moet volg.

Die goeie nuus is dat God dit deur sy Gees dit alreeds vir ons gee. 'n Sagte hart, luister anders. Sagte oë, kyk dieper in iemand se hart in en verstaan juis beter. En sagte ore wil beter verstaan oor hoekom iemand nou iets op hierdie manier sê – al maak dit seer of al verskil jy daarvan. En dit is alles die werk van die Gees van God in ons!

Waarheen dink jy nooi God vandag vir my en vir jou wanneer ons oor die manier waarop ons kommunikeer, nadink? En hoe lyk Jesus se voorbeeld wanneer ons in die evangelies kyk na hoe Hy ander mense behandel het en na hulle geluister het?

Dit lyk vir my dat God ons in die eerste plek weer terug nooi na Hom toe en vir ons toelaat om saam met Hom in die spieël te kyk. Maar wanneer ons in die spieël kyk word ons nie aangekla nie, maar kom ons vry!

Dit lyk vir my dat God ons juis nooi, soos Jakobus dit in vers 25 beskryf, om ons te verdiep in die VOLMAAKTE WET VAN LIEFDE. En dan kom die kersie op die koek – ons sal gelukkig wees in wat ons doen.

Ek droom vandag van 'n wêreld waarin LIEFDE die basis word van alle kommunikasie. Ek droom van 'n kerk en 'n gemeente waar ons deur Christus se voorbeeld in liefde en déúr liefde en mét liefde sal kommunikeer met mekaar en met 'n wêreld in nood...

Dink net so bietjie hoe die wêreld dan gaan lyk? Kom ons bid dat die Here ons hierin sal lei en sal help... Eers dieper en dieper in Sy liefde in en dan vanuit daardie liefde, die wêreld in!

Amen.

#### **GEBED & REFLEKSIE**

Gebruik nou die volgende paar minute of soveel tyd as wat jy nodig het om met die Here te gesels oor wat jy nou gehoor het... Dalk wil jy ook genoeg tyd neem en luister na wat God verder vir jou wil sê... Gee jouself nou hierna 'n tyd van gebed en refleksie of nadenke.

#### **SEËN**

Die genade van ons Here, Jesus Christus,  
en die liefde van God ons Vader,  
en die teenwoordigheid van die Heilige Gees sal met jou wees en bly...

Ds Johann Winterbach